***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Waarskuwing oor kommunikasie met oorledenes – 14/8/60

7673 Dit is My wil dat julle julleself tot My sal wend in innige gebed, voordat julle julleself met geestelike wesens in verbinding stel. Want die hang van die innige gebed tot My af, of die band met die geesteswêreld seënryk vir julle sal wees. Die innige gebed tot My beskerm julle teen sulke wesens, wat nie in staat is om voordeel aan julle te bied nie, omdat hulle self nog nie in die lig staan nie. Maar julle weet dit nie self nie, naamlik of die siele van oorledenes, wie julle roep, alreeds die ligryk binnegegaan het nie, want selfs as hulle dit aan julle verseker, sal julle nie weet of hulle uitsprake geloofwaardig is nie. En daarom moet julle sulke kontak met die geestelike wêreld baie versigtig benader, omdat julle self reeds in 'n geestelike toestand moet wees, wat alle boosheid van julle sal afdring, sodat hulle julle nie kan nader nie en dat julle slegs deur ligwesens versorg en onderrig sal word.

Die omgang met die siele van gestorwenes is altyd baie gevaarlik, omdat julle mense nie weet in welke sfeer hulle hulleself bevind nie. Weliswaar word 'n dergelike omgang nie as sonde aangereken, wanneer die liefde vir hierdie siele julle daartoe aanspoor, maar julle self verkry niks nie. Julle sal eerder kan verloor, wanneer julle daardeur self in kontak kom en in duistere sfere beland en onware leringe of mededelings ontvang, wat nie julle siele tot heil sal strek nie. En daarom waarsku Ek julle nadruklik teen dergelike omgang met die geestelike wêreld, ter wille van julleself.

Wat julle ookal vanuit hierdie wêreld vertel word, dit sal nooit die diepte en wysheid van My Woord kan ewenaar nie, wat My Liefde aan julle oorbring van bo en wat aan julle deur bodes van lig toegevoer word, as julle dit self nie regstreeks van My kan ontvang nie.

Ek Self wil julle vriend en leraar wees, julle broer, met Wie julle te alle tye gedagtes kan wissel met elke vraag, hetsy dit aards of geestelik van aard is. En Ek sal julle altyd antwoord gee as julle dit verlang. Ek sal julle onderrig dat julle na Jesus Christus julle skrede moet rig om geluksalig te word. En so moet julle ook self die siele van die gestorwenes in kennis stel van Hom en hulle in gedagtes wys op Hom, Wie die aller Verlosser is van sonde en dood. Want ook hierdie siele moet eers die weg na Hom gevind het, voordat hulle in die ligryk opgeneem kan word. En julle sal hierdie siele geen groter diens van liefde kan bewys, deur in gedagtes die Evangelie aan hulle te verkondig nie, die goddelike leer van die liefde, wat Ek Self in die mens Jesus op aarde gepredik het om hulle die weg aan te toon, wat weer na My terugvoer in die Vaderhuis. Julle moet hierdie siele van die gestorwenes wil help. Julle sal aan hulle moet gee, maar julle nie deur hulle onderrig laat word nie, ongeag op welke manier.

Die kennis oor die toekoms word deur My van julle weggehou, dus moet julle geen vrae van hierdie aard aan hulle stel nie. Maar geestelike kennis moet julle steeds verlang, maar ook dit kan hierdie siele nie gee nie. Maar julle julle altyd moet wend tot Jesus Christus, die Goddelike Leermeester. En Hy sal julle baie liefdevol opheldering gee en Hy sal julle steeds na Homself roep, sodat julle Hom kan vra om vergewing van sondes, sodat julle Hom sal navolg om deur Hom Self begelei te word in die ryk van lig en geluksaligheid in. Maar sonder Hom sal julle nie geluksalig kan word nie, dit moet julle te harte neem. En wanneer dit nou julle wil is om in My Wil te lewe, dan moet julle ook alles doen wat Jesus op aarde onderrig het, wat Hy in Sy gebooie van liefde tot God en die naaste tot uitdrukking gebring het: Julle sal dan self in liefde lewe en sal kan insien waar lig is. Dan sal julle ook in staat wees om die waarde van geestelike oordrag te herken en julle sal daarna strewe om slegs met die geestelike wêreld in kontak te kom, wat vol lig is en vir julle heldere onderrig kan oorbring. Want steeds bepaal julle altyd self die graad van lig waarin julle julleself bevind. Maar wees gewaarsku dat omgang met die geestelike wêreld gevaarlik is, as julle nie weet watter graad van rypheid die siele hulle bevind wat julle raadpleeg nie. Laat dit steeds aan julle gesê word, dat julle aan die siele moet gee, want hulle almal sal julle voorspraak benodig om omhoog te klim, wat julle dus in liefde aan die siele moet skenk tot hulle en ook julle sieleheil. En dan sal vir julle toegemeet word, soos wat julle self uitgemeet het. Amein.

***Levitikus 19:31*** *Begeef julle nie tot die geeste van* ***afgestorwenes*** *en die* ***geeste wat waarsê*** *nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te besoedel nie. Ek - JaHWeH julle Elohey.*

***Jesaja_8:19*** *En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van die* ***voorvaders*** *en die geeste wat* ***waarsê,*** *wat piep en mompel - moet 'n volk nie sy Elohey (God) raadpleeg nie; [****moet]*** ***vir die lewendes die dooies [gevra word]?***